**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We are honest.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2020: JAAR VAN DIENS-UITNEMENDHEID!

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 24 MAART 2020 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |
| Rdl. SS Lesch | [ANC] | : | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | : | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | : | (sluit aan om 09:45) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

AKSIE

**BKN032/03/2020**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Dominee Philander open die vergadering met skriflesing en gebed.

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering en bedank Dominee Philander vir die boodskap wat hy voorgehou het en wens hom sterkte toe.

***

**BKN033/03/2020**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Interne Ouditeur – kraamverlof

***

**BKN034/03/2020**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN035/03/2020**
**COVID-19 PANDEMIE**
**17/11/1**
***(Vervangende aanbevelings asook Aanhangsel A word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Voorsitter lei die item in en gee breedvoerig agtergrond oor die item onder bespreking.

Hy meld aan die vergadering dat die President ‘n Nasionale Inperkingstydperk afgekondig het wat in werking sal tree vanaf Donderdag 26 Maart 2020 om 24:00 tot Donderdag 16 April 2020 om 24:00.

Die Voorsitter versoek die Komiteelede dat goeie leierskap in die wyke/dorpe gehandhaaf word tydens hierdie krisis en wens almal sterkte toe in hierdie verband.

Die Munisipale Bestuurder lewer aanvullende kommentaar tot die verslag aan die hand van ***Aanhangsel A***, soos ter tafel gelê.

Voorts lewer sy breedvoerig terugvoer met betrekking tot die operasionele prosesse (JOG), wat in plek gestel is vir die inperkingstydperk van 21 dae.

Ten slotte verseker sy die Uitvoerende Burgemeesterskomitee dat sy alle inligting, soos dit aan haar beskikbaar gestel word met hulle op ‘n gereelde basis sal kommunikeer.

Verskeie insette, kommentaar en vrae word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die “Boom” in Porterville gesluit word;

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

2. Dat die strandoord vakansiehuisies en strande gesluit word;
3. Dat die biblioteke sluit vanaf Dinsdag 24 Maart 2020;
4. Dat, indien die eerste COVID-19 geval bevestig word in die Bergrivier Munisipale gebied, die Uitvoerende Burgemeester 'n bandopname sal maak en dit aan die nodige rolspelers versprei; ***MUNISIPALE BESTUURDER***
5. Dat die Direkteur Finansiële Dienste 'n verslag voorhou by die Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomitee- en Spesiale Raadsvergadering, soos geskeduleer vir Donderdag 26 Maart 2020 oor die Finansiële Verligtingsmaatreëls vir COVID-19; ***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***
6. Dat alle navrae oor die COVID-19 skriftelik aan die Munisipale Bestuurder deur gegee word, sodat sy dit opneem by die "Joint District Approach (JOC)" vir moontlike oplossings/antwoorde; en ***MUNISIPALE BESTUURDER***
7. Dat die volgende Amptenare by Bergrivier Munisipaliteit voorgestel word vir die relevante werksgroepe (clusters): ***MUNISIPALE BESTUURDER & DIREKTEURE***
   - Vervoer en logistiek – Mnr. Cavin Cornellissen en Mnr. Jaco Breunissen;
   - Kommunikasie – Mnr. Matthew Sheldon;
   - Regeringskontinuïteit en advies – Adv. Hanlie Linde;
   - Veiligheid en sekuriteit – Mnr. Dean Josephus; en
   - Besigheid / Ekonomiese / Toerisme – Mev. Alletta van Sittert.

***

**BKN036/03/2020**
**DRAFT BUDGET 2020/2023**
**5/1/1**

Item staan oor.

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:50*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

_______________________________ _____________________

***VOORSITTER (UITVOERENDE BURGEMEESTER)*** ***DATUM***

***